PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR: 3 van 2026
3 Augustus 2026

<u>AAN</u> : ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE NG KERK VAN TRANSVAAL PREDIKANTE EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Geagte werkgewers en lede van die Pensioenfonds

1. ONGESKIKTHEIDSINKOMSTE-VOORDEEL: AANSOEK PROSES

Na die bestuurskomiteevergadering van 24 Julie 2026 bring ek graag die volgende onder u aandag:

Ongeskiktheidsinkomste-voordeel

Die ongeskiktheidsinkomste-voordeel polis is in die naam van die werkgewer. Die proses word dus deur die werkgewer bestuur tot die eis gefinaliseer is.
Die aansoekvorms en ondersteunende dokumentasie moet deur die werkgewer voltooi en ingedien word. Dit is nie die werknemer se verantwoordelikheid nie.
Die polis maak voorsiening vir ‘n 6 maande wagtydperk en gedurende hierdie wagtydperk moet alle dokumentasie ingedien word en enige addisionele verslae en dokumente wat deur die versekeraar - Sanlam Groeprisiko Skemas - aangevra word, moet voorsien word.

Wanneer ’n werknemer met siekverlof vir ’n tydperk langer as 3 weke of 15 werksdae gaan, is dit ’n aanduiding van ’n moontlike ongeskiktheidsinkomste eis. Die eerste dokument wat voltooi en ingedien word, is die Potensiële-Ongeskiktheidsinkomste-eis wat Sanlam Groepskemas in kennis stel van die eis. Hierna moet die volledige ongeskiktheidsinkomste-eis-dokumente voltooi en ingedien word. Indien die lid herstel en terugkeer werk toe, staak die proses.

Die volledige proses verloop soos volg:

- Die 6-maande wagtydperk begin die eerste dag na die laaste dag wat die lid aktief in diens was, bv, laaste dag aktief in diens 4 Augustus, wagtydperk begin 5 Augustus.
- Gedurende hierdie 6-maande wagtydperk word die lid se siekverlof en gewone velof aangewend. Volle bydraes en premies moet aan die Sanlam Sambreelfonds betaal word.

NG Kerk van Transvaal Predikante en Amptenare Pensioenfonds: Deelnemend aan die Sanlam Sambreelfonds
Alpineweg 330, Lynnwood, 0081
E-pos:rehan@pensioene.co.za; rehan@noordsin.co.za
Tel: 083 2887756
Pensioenfondsbestuurder: Ds Rehan Rheeder

- Gedurende die eerste maand van die wagtydperk word die volledige ongeskiktheidsinkomste-eis vorms (wat bestaan uit ‘n werkgewer verklaring, werknemer verklaring, en mediese doktersverslae saam met vereiste ondersteunende dokumente) by Sanlam Groepskemas ingedien.
- Sanlam Groepskemas hersien die eis en versoek enige addisionele dokumente wat teen ’n keerdatum soos uiteengesit in die versoek, ingedien moet word.
- Na ontvangs van addisionele inligting, assesseer Sanlam Groepskemas die eis verder en kan een van die volgende gebeur: verdere inligting mag vesoek word en die eis word goedgekeur of afgekeur.

Goedgekeurde eis

- Met die goedkeuring van die eis, voorsien Sanlam Groepskemas ’n skrywe wat die effektiewe datum van ongeskiktheid bevestig.
- Die betalingsinstruksie vorm, wat die lid se bankbesonderhede en bydraekategorie vir die Sanlam Sambreelfonds bevestig, moet voltooi en onderteken word.
- Die maandelikse inkomste betaal direk aan die lid en die werkgewer se bydraes word deur die polis namens die werkgewer aan die fonds oorbetaal.
- Die lid se pensioenfondsrekord word oorgedra na die Ongeskiktheidsgroep binne die fonds, en die werkgewer is nie verder verantwoordelik vir bydraes en premies nie.
- Die finale skrywe aan die lid sal die maandelikse inkomste en toekomstige hersieningsdatums bevestig.

Indien ’n eis afgekeur word en die lid nie in ’n ander posisie geakkomodeer kan word nie, sal ander alternatiewe soos uitdienstrede of vervroegde aftrede ondersoek word.

Die werkgewer bly verantwoordelik vir hierdie prosesse tot dit gefinaliseer is.

2. VOLTOOI EN OPDATERING VAN BENOEMINGSVORMS

Baie lede het nog nie die nuwe benoemingsvorm ingevul en op die Sanlam Webtuiste toegevoer nie. Lede kan dit ook self op die Sanlam Toep doen. Werkgewers moet ‘n harde kopie van die getekende benoemingsvorm op die lid se personeellêer bewaar en dit jaarliks opdateer. Sonder hierdie vorm word die nie-goedgekeurde sterftevoordeel sowel as die begrafnispolis aan die boedel uitbetaal, en word dit nie soos bedoel binne weke aan die begunsitigdes uitbetaal nie.

Neem asb. vrymoedigheid om vir Rehan Rheeder by die Pensioenfondskantoor te kontak vir ondersteuning en inligting.

Vriendelike groete



DS REHAN RHEEDER
PENSIOENFONDSBESTUURDER
0832887756